SWART OP WIT

jg 1/1 'n tydskrif wat regsinnig én leesbaar wil wees 1985

# Katkisasie met vliegtuig en orkes

Manie Malan

Ek wil vertel van 'n katkisasieboekie wat meer as 400 jaar oud is. 'n Egte stuk goud.
Ek weet hy is nie gewild by jou nie, maar dis nie sy skuld nie.
Miskien dink jy weer as jy sy musiek kan hoor. Ek verseker jou: die Kategismus, wat in die skilderagtige Duitse dorpie Heidelberg geskryf is, is nie die droogste stuk verstandsgodsdiens wat nog gemaak is nie. Dit is egte goeie musiek.
Dan moet 'n mens dit natuurlik ook nie doseer nie. Jy moet dit sing - by wyse van spreke. Jy moet dit ook nie opkap in koue formuletjies nie. As jy dít begin doen, verstaan jy al minder. Of, as jy dan wel na elke instrument van die simfonie-orkes apart wil luister, moet jy ook genoeg geleentheid skep om na die hele orkes saam te luister. Anders verloor jy dalk belangstelling in die musiek.
Kom ons kyk daarom eers na die hele boekie. Ons ry met 'n vliegtuig vinnig oor die hele terrein, en daarna loop ons dit te voet af.

**Wat is jou enigste troos en anker in die lewe - waarmee jy ook sou kon sterwe?**

Dat ek vir my redding en saligheid nie op myself aangewese is nie, maar op Christus. Dat Christus my skuld **ten volle** betaal het. **Al** my skuld - ook die skuld van die sonde wat ek nog nie gedoen het nie. Ek is dus op Golgota gered. Ek is daar geheel en al van die mag van die duiwel en (die verduiwelse) sonde bevry. (Wat dan van al die duiwelse dinge nog in my? Wag, wag, moenie te haastig raak nie.)
En omdat ek gered is, nie deur myself nie, maar deur God, sorg Hy ook vir my. Hy sorg so in besonderhede dat selfs nie 'n haar van my kop afval as Hy nie sy goedkeuring daarvoor gee nie! Kan jy dink! En as daar dan 'n haar moet val, of 'n arm, of my ouers, of my kind, dan gebruik God dit om my reg te snoei en te skaaf vir sy koninkryk.
**Waar kom jy daaraan - aan hiérdie sekerheid? Hoe weet jy dat dit nie die duiwel is wat al hierdie teenspoed en ellende oor jou bring nie? Waar kom jy daaraan?**

Die Heilige Gees het my dit gesê. Hy het my daarvan verseker. Hy doen dit nóú nog. Kyk self - dit staan in die Bybel. Die Bybel is sy woord, sy mededeing, sy versekering, sy belofte. Ek het sy woorde gelees, gehoor en geglo. Ek kon nie anders nie, want dit is geweldige woorde.
En daarom lewe ek vir Hom, met hart en siel. Hoe kan ek anders? Hy het my dan van die hel gered. Hy het my lief. Hy het my eerste liefgehad. (1)
Daar het jy dit. Die hele Kategismus in sy eerste antwoord. Ek het niks wesenliks bygevoeg nie, net 'n bietjie uitgestryk; geparafraseer, sê die geleerdes.
Maar wat dan van die ander 128 vrae?
Ja, dit is waarom ek gesê het ons gaan eers met die vliegtuig oor, en dan te voet. Ons luister eers na die orkes, en dan na elke instrument apart.
Die eerste antwoord is laaste geskryf. Die antwoord van die som staan dus boaan.
Nou moet ons die som doen. Anders sal ons dié mooi antwoord dalk nie mooi kan verdedig, en dalk nie goed verstaan nie.

Ek wil egter - voor ons deur die besonderhede gaan - net nog één keer gou met die vliegtuig oor die terrein, die bos. Net 'n bietjie stadiger hierdie keer - met 'n helikopter. Ek is bang jy verdwaal tussen die bome in die bos. As jy eers in die bos is, kan jy dan altyd weer die foto's wat ons nóú gaan neem, uithaal, en net weer kyk waar jy dan staan.

As jy jou Chritelike geloof, die **inhoud** van jou geloof, beter wil begryp, moet jy dit in **drie** dele verdeel. (vrg 2)

1. Die mens sit in 'n ellendige moeras vas, en hoe meer hy spook, hoe dieper sak hy weg. Hel toe. (3-11)
2. Toe het God jou jammer gekry, en jou gered. Dit is die verhaal, die evangelie (blye boodskap) wat die hele Bybel vol staan, en wat die kerk 18 eeue lank al in die Apostoliese Geloofsbelydenis bely en saamvat, en elke Sondag verkondig. **God het ons met Chritus gered.** (12-58)
   **Maar hoe kan ék ook in hierdie redding deel? Hoe kan ek weet dat dit ook vir mý gedoen is?** Jy kan en jy mag dit maar **glo**, sê die Kategismus (en die Bybel) met 'n glimlag. Net maar glo. Van harte glo. Niks meer nie. Alles is volbring. (59-64)
   En God help jou ook nog glo deur met die sakramente swart op wit te sertifiseer dat hierdie redding op Golgota vir jóú was. Nie net vir ander nie, vir jóú. Daarom word jou naam genoem by die doop; daarom kry jy 'n stukkie brood **in** jóú hand by die nagmaal. (65-82)
   Die kerk het dus 'n sleutel in sy hand waarmee hy hierdie wonderlike redding kan en mag oopsluit (maar ook toe... as mense weier om te glo). (83-83)
3. **Wat sal jou reaksie wees as jy hierdie evangelie hoor en glo?**
   'n Oneindige groot dankbaarheid. Dis vanselfsprekend. Jy wil nie meer in wanhoop vir die genot van die oomblik lewe nie. Jy draai om uit jou doodlooppad. Jy voel 'n nuwe mens, 'n mens wat vir God lewe, en wat jou hele lewe lank veg teen die ou mens (wat jy was) se sterwende stuiptrekkings. (86-90) En jy probeer jou bes om volgens die wil van God te lewe - wat saamgevat word in sy tien wyse liefdeswoorde van Eks. 20 en Matt. 22 (91-115)
   Jy sê 'n leeftyd lank dankie, vry op jou knieë, waar jy ook bid dat jy toenemend die vreugde van hierdie verlossing sal belewe. (116-129)

Daar het jy nou weer 'n keer die hele Kategismus. Nou kan ons volgende keer met ons staptog begin.


## REDAKSIONEEL

S W A R T  O P W I T is dalk 'n waagstuk. Dalk is dit 'n wenner.
Ons sal geen kunsmatige asemhaling op hom toepas of toelaat nie. Solank hy groei sal hy leef.
S O W stel homself op gereformeerde grondslag, maar hy bied nie ruimte vir dorre vormgodsdiens en skoolse teologie nie. Regsinnigheid en leesbaarheid is die maatstawe.
Enigiets sal vir publikasie in S O W oorweeg word - ook kortverhale, poësie, strokiesprente, humor ens. - mits dit religieuse diepte vertoon.
S O W is nie in die eerste plaas 'n polemiese tydskrif nie. Dis 'n diensblad, vir die gesin.

**REDAKSIE**

Manie Malan - redakteur
Elmer Erlank - mederedakteur

**MEDEWERKERS**

Gerhard Augustyn (Sibasa), Christo Büchner (Dennilton), Johan en Elma Cilliers (Bloemfontein), Andries Combrink (Halfweghuis), Anita Grebe (Kimberley), Piet Grové (Pretoria), Nico Hanekom (Pretoria), Jan en Anna Kock (Waterbron), Petrus Kriel (Germiston), Koos Mouton (Garsfontein), Fanie Schoeman (Vryheid), Kobus Smit (Bloemfontein), Nico Steenberg (Villieria), Christel Steyl (Helderkruin), Gert Strydom (Windhoek), George van der Merwe (Kameeldrif), Sarel en Liesbet Venter (Bloemfontein), Wassie Wasserman (Wepener)

**ADRESSE**

**Bydraes**
Manie Malan
Posbus 15185
0039 LYNN EAST
(012)
(tel. 821105)

**Administrasie**
Claritas
Posbus 15621
0039 LYNN EAST
(012)
(tel. 736211)

**Koste**

Intekenaars word bereken vir elke uitgawe wat hulle ontvang, en elke uitgawe se prys word bepaal volgens die aantal bladsye, en die oplaag. Hoe meer intekenaars, hoe laer die eenheidskoste. Die eerste uitgawe kos R2-50, maar vereffening daarvan is opsioneel.

# Kom, kyk met nuwe oë

*'N BYBELSTUDIE OOR VIER VERHALE*

Ons gaan 'n geweldige groot taak aanpak. Ons gaan deur die vier evangelies in Jesus se voetspore loop, van begin tot einde, en probeer om na alles met nuwe oë te kyk.

Die taak is so geweldig groot, nie omdat die stof onbekend of moeilik is nie, maar juis omdat dit oorbekend en relatief maklik is. Daar is so baie dinge in die evangelies wat ons absoluut van buite ken, en wat ons daarom so moeilik nuut kan verstaan. Ons is klaar gekondisioneer.

Maar ons gaan probeer. God se Woord is altyd nuut. Miskien is dit moontlik dat ons baie van die diamante nie raaksien nie omdat die paadjies om alles so stof getrap is.

'n Mens sou dit natuurlik vreeslik moeilik kon maak. As jy die armsvol handboeke oor die Nuwe Testament as bril sou gebruik, sou jy kon vasval in eindelose diskussies oor wie dan tog nou uiteindelik die skrywers was, wat húlle opinies was, wat Jesus dalk regtig gesê het. En jy sou tabelle en tabelle kon opstel oor ooreenkomste en verskille tussen die evangeliste, en die verskillende moontlike woord- en sinbetekenisse.

Maar ons gaan baie min hiervan doen. Ons gaan P.J. Coetzee se "In die voetspore van Jesus"* gebruik as uitgangspunt, en die Nuwe Afrikaanse Vertaling as teks, en dan gaan ons met die teks 'n lang onderhoud voer. En ons gaan óór hom praat. Ons gaan ook baie hardop dink. En in die proses gaan ons ons probeer oopstel vir die teks om met óns te praat. Ons gaan probeer om weerloos te wees, nie beterweterig nie. Kwesbaar - sodat die evangelie ons in die hart kan raak.

En ons gaan sáám werk. Net soos één evangelis te min was om die verhaal van Jesus van Nasaret van voor die grondlegging van die wêreld af tot by die Nuwe Jerusalem te vertel, net so min kan één mens hierdie Bybelstudiepad alleen loop. U moet saam lees, en saam praat. Ook verskil. So alleen kan 'n span werk.

Vooraf wil ek eers die agenda uitstippel; vinnig met 'n vliegtuig oor die terrein vlieg, en dan van die begin af begin.

I. <u>Dertig jaar van voorbereiding</u>
   1. Inleidings
   2. Geboorteberigte
   3. Die geboortes
   4. Die baba- en kleuterjare

II. <u>Eerste gebeurtenisse in Jesus se bediening</u>
   1. In die omstreke van Judea en Perea
   2. In Galilea

III. <u>Eerste optrede in Judea</u>
   1. In Jerusalem
   2. In die omstreke van Judea

IV. <u>Jesus in Samaria</u>
   1. Jesus en die Samaritane

V. <u>Jesus se eerste bediening te Galilea</u>
   1. Eerste dinge wat gebeur het
   2. Die eerste reis
   3. Groeiende vyandiggesindheid van Skrifgeleerdes en Fariseërs

VI. <u>Die tweede Galilese tydperk</u>
   1. Organisaie van die koninkryk
   2. Aanvang van die tweede Galilese toer
   3. Verskeie leringe
   4. Verskeie wonderwerke
   5. Derde Galilese reis en prediking
   6. Wonderwerke te Kapernaum

VII. <u>Derde Galilese tydperk</u>
   1. Optredes in verskeie streke
   2. Jesus en sy dissipels
   3. Terug in Kapernaum
   4. 'n Kort herfsbesoek aan Jerusalem

VIII. <u>Die tydperk te Judea en Perea</u>
   1. Fees van die tempelwyding
   2. Jesus se bediening te Perea
   3. Terug in Judea
   4. Jesus se laaste tog na Jerusalem

IX. <u>Die lydensweek</u> (April 30 nC)
   1. Maandag 10 Nisan - Dag van demonstrasie
   2. Dinsdag 11 Nisan - Dag van outoriteit
   3. Woensdag 12 Nisan - Dag van konflikte
   4. Donderdag 13 Nisan - Dag van voorbereiding
   5. Donderdagaand, d.i. Vrydag 14 Nisan - Dag van Lyding

X. <u>Die opstanding en die veertig dae daarna</u>

## DERTIG JAAR VOORBEREIDING

### GOD SE LOGIKA

Markus

**Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin só:**

Lukas

**Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om 'n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.**

Johannes

**In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. In Hom was daar lewe, en die lewe was die lig van die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie.**

Drie inleidings, elkeen met sy eie aanslag en toonaard.

Markus, die jongman wat die verhaal by Petrus gehoor het. Hy het baie daarvan self ook belewe, maar Petrus het álles vertel. Ook die intiemste besonderhede. Soveel so dat Markus se evangelie vroeër Petrus se evangelie genoem is. Markus-en-Petrus: Sober, groot-oog, sonder geleerdheid, eenvoudig. Nie met 'n duur driedimensionele kamera of met 'n mikri- of teleskoop nie; met 'n instamatic, swart en wit nie. Maar swart op wit, 'n ongekompliseerde weergawe van veral die gebeurtenisse. Die ongelooflike gebeurtenisse.

Lukas, die geliefde geneesheer, die geleerde men, die kollega en hulp van Paulus - wat ook Handelinge geskryf het - die navorser wat alle beskikbare bronne raadpleeg, ook die boekie van Markus. Wat ook deur Paulus onderrig is - sodat sý evangelie in die vroeë tradisie Paulus s'n genoem is. Was Teofilus dalk Paulus se advokaat in Rome dat Lukas hierdie dokument saam met Handelinge opgestel het om hom te help in die voorbereiding van Paulus se verdediging? Sou dít dalk die verklaring wees van die tergende geheim waarom Handelinge nie Paulus se dood beskrywe nie? Lukas, die bekeerde heiden, wat vir die heidene skrywe: 'n evangelie vir die hele wêreld.

Matteus, wat eers Levi die tollenaar was - by wie se teks ons bietjie later kom - wat Markus ook gelees het, en waarskynlik Lukas ook; die dissipel van Jesus wat alles meegemaak het. 'n Geleerde man wat veral vir die Jode skryf.

En dan Johannes, die teoloog-filosoof. En profeet van Patmos. Wat Jesus se geliefde dissipel was. Wat reeds die botsing met die geleerde heidense wêreld beleef, en daarom saam met sy vertel sy verhaal diepsinnig interpreteer.

Al vier **gelowig.**

Dít, die appèl op die geloof, maak van die vier evangelies vier unieke verhale in die wêreldliteratuur. "In heel de wereldliteratuur is geen literair genre bekend dat volkomen overeenkomt met het literair genre van de evangeliën." (J.P. Versteeg - Evangelie in Viervoud) Hulle vertel nie net 'n geloofwaardige, 'n ware verhaal nie. Hulle vertel iets wat **geglo** moet word. Daar moet nie net van die feite, die ware feite, kennis geneem word nie, die "evangelie" moet geglo word; die ware en enigste ware evangelie tussen die baie "evangelis" oor keisers wat gode is wat in daardie dae in omloop was.

"Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God", sê Markus. Daarmee snak die Ou Testament na sy asem, en die mense en die geskiedenis begin weer leef. En Markus vertel nie die kersverhaal nie, want dit staan alles in die paar woorde. Die evangelie, die boodskap van blydskap waarvan Jesaja (52:7;61:1) en al die profete (Nah.1:15 ens.) gepraat het, het gearriveer. Die boodskapper is Jesus, die Seun en Sendeling van God. Hy is die langverwagte Messias, die Christus.

Dit is 'n gweldige mondvol. Dit vat in één sin saam waarop veral ná die profete en tussen die twee testamente gehoop is. Dat God sy volk sal besoek. Dat Hy 'n "gesalfde" 'n "messias" sal stuur, wat sy volk sal verlos. 'n Seun van die Mens, waarvan veral Daniël gepraat het.

Dat hierdie besoek van God letterlik, en nie figuurlik nie, sou wees, kon selfs die profete nie vermoed nie.

Maar dit vertel Markus nou: God self het gekom. Die Seun van God is God self. God kannie half-gode verwek nie. En Hy is die Boodskapdraer en die Boodskap in-een. Hy **is** die evangelie.

En dan Johannes. Dit is van die moeilikste en diepsinnigste woorde in die Bybel. Kom ons pak dit van 'n kant af. Hy sê nie "Jesus" nie, hy sê "Logos". Hy begin dus by die wortels, nie by die sigbare plant nie. Hy sê Jesus is die Logos.

Nou vertaal ons Bybel, en baie Bybels dit met "Woord", en dis nie verkeerd nie, want die Griekse woord "logos" beteken ook woord.Maar die "woord" van die Griekse wêreld waarin Johannes leef en skrywe, beteken veel meer as ons woord "woord".

Dit beteken iets soos "logika". Al ons wetenskaplike woorde met die "log"-woorddeel kom van die Griekse woord "logos". Teo-log-ie, fisio-log-ie, logaritme, psigo-log-ie, ens. Met ander woorde as ons iets logies wil verstaan, dit reg en na waarheid wil verstaan, dan koppel ons dit aan die "logos". Nou hierdie "logos", sê Johannes, hierdie diepste verstand en laaste grond van alles wat bestaan, waarna almal op is en was, dít was Jesus. Jesus was die "Logos" van God, die "wysheid", die "krag" en die "waarheid" van God, en die oorsaak van álle dinge.

Daarom was Hy "in die begin" daar, die "in die begin" waarvan Gen. 1:1 praat. Hy was bý toe God geskape het, Hy was die woorde, die skeppingswoorde, wat God gespreek het. Hy was sélf God! En God self.

Kom ons sê Johannes wou dit nie vir mense van die Griekse denkwêreld sê nie, maar vir ons. Dan, dink ek, sou hy dit ongeveer só bedoel het: Julle wonder baie kere diep in julle harte of die Bybel ooit waar is. Of hy die waarheid praat. In elke gemeente is daar 'n paar (eerlike) wysneuse wat sê: Wie sê die Bybel is waar? Dis sommer 'n klomp stories. Niemand kan bewys dat dit waar is nie.

Hierdie "wysheid" van die mense, sê Johannes, is naïwe dwaasheid. Dis net so dom soos om te vra hoe lank 'n meter is. Jy meet ander goed met 'n meterstok - jy kan nie 'n meterstok meet nie. Net so: Christus is die Waarheid, die Logika, die Grond, die Bodem, die Eerste Oorsprong van álles wat bestaan. Waarmee wil jy God vergelyk?

Die filosoof A.E. Loen skryf diepsinnig hieroor: "De grond van datgene wat is, en de grond van het zijn van datgene wat is. De grond van het bestaan en het grond van het verschil tussen 'bestaan' en overig 'zijn'. De grond, waarom er iets is en er niet veeleer niets is. De grond van het ware en het grond van de waar-zijn van het ware. De grond van het algemene en van het concrete tot in zijn uiterste verbijzondering. De grond van het zin en van de onzin, van het goed en van het kwaad. De grond van het kennen, van de mogelijkheid der kennis en van de rechtmatigheid der kennis. De grond van zichzelf. De grond van de grond; de grond van de grond van de grond..."

Maar, en dis baie belangrik, Johannes ben Sebedeus, is nie besig met filosofie nie. Die proloog van sy evangelie, sê wyse geleerdes, is nie logos-spekulasie nie. Johannes vertel ook die evangelie. Hy vertel dus eintlik 'n verhaal. Daarom kan ons hierdie eerste woorde van Johannes ook só verstaan: Jesus was die woorde van God. Sy skeppingswoorde, maar daarna ook sy genadewoorde wat Hy in die paradys al, en daarna deur al die eeue met die mense gepraat het toe Hy dit nie oor sy hart kon kry om al die slegte mense uit te wis nie. Daarom was dié Woord(e) die lewe en die lig van die mense. (In 1:14 vertel hy dan hoe dié Woord in vlees en bloed voor die mense kom staan het - as die uiterste bewys van God se genade, die hou van sy beloftewoord wat Hy met 'n eed by Homself bevestig het.)

Die tragiese verhaal van die grootste deel van die Johannes - en ander - evangelies is egter: die mense wou dié lig nie aanneem nie. Sy eie mense wou Hom nie aanvaar nie. Dit staan eintlik eers 'n bietjie later (v. 10 en 11b) maar ons het dit nodig om v. 5b mee te probeer verstaan.

Daarvoor moet ons, ten slotte, bietjie in die Grieks onderduik - en probeer begrip kry, en waardering, vir ons Bybelvertalers.

Die 1933-vertaling vertaal vers 5 so: "En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie." Die 1979-proefvertaling vertaal: "...en tog het die duisternis dit nie aanvaar nie." Maar die 1983-vertaling val weer terug op die ouer verklaring: "...die duisternis kon dit nie **uitdoof** nie."

Die Griekse woord in die gedrang is "katalambanō", 'n intensiewer vorm as "lambanō" wat in sy eenvoudigste betekenis "neem" beteken. Dink nou net in hoeveel verskillende betekenisse die woord "neem" in Afrikaans gebruik kan word, en u sal verstaan dat "katalam-

banō" o.m. die volgende kan beteken: Gryp, verwerf, behaal, jou eie maak, **aanvaar**, verower (met vyandige oogmerke), inhaal (en vang - iets soos 'die duiwel haal jou'), **oorweldig** ens. Maar ook: Gryp, in die sin van be-gryp, vind, verstaan. (Hou in gedagte dat ons hier met die "Woord", die Logos, die Logika van God te maak het.)

Met "uitdoof" probeer ons nuwe vertaling die betekenis van die woord uit die sin van die sin af te lei. 'n Mens kan nie lig gryp, vang en doodmaak nie. 'n Lig word "uitgedoof".

Die Bybelvertalers sit dus voor 'n keuse, en niemand weet (nog) presies wat Johannes bedoel het nie. Of jy vertaal: "die duisternis kon die lig nie **uitdoof** nie" - en jy dink aan die genade van God wat deur al die eeue, en selfs op die kruis, nie uitgeroei kon word nie; òf jy vertaal: "die duisternis kon die lig nie **begryp** nie", en jy verstaan dit as die eerste van die drie parallelle sinne in Johannes se inleiding - verse 5b, 10b en 11b.

"the darkness did not grasp it" (so Bultmann)
"the world did not acknowledge him"
"his own did not welcome him."

Maar die feit dat ons nie presies weet hoe om hierdie een sinsnedetjie te verstaan nie, verander niks aan die oorweldigende en verstaanbare getuienis van die Skrif nie: Hoewel die mense die Lig van God nie verstaan het nie, en probeer uitdoof het, het God in sy genade daarvoor gesorg dat hulle dit nie regkry nie.

* J.P. van der Walt en Seun, Pretoria, 1975. Die volgende uit die "Voorwoord" spreek vanself: Enige wysiging in die chronologiese rangskikking sal net 'n verskil van mening behels. Al die gesprekke en dade van Christus kan nie sonder enige twyfel gelokaliseer word nie.


---

## *Sektariërs*

*Andries Combrink*

*kom ons kry 'n prediker*
*so na ons eie hart*
*hy sê net dit wat ons wil hoor*
*Want ons is baie beter*
*as al die baie huigelaars*
*Ons kan God so fyn bekoor*
*en ons gewete pla ons nooit*
*en ons kry vir ons 'n spreker*
*wat dit so hou*
*Om ons te bou tot*
*die enigste uitverkore klomp*
*Al mense wat die gees ontvang*
*Al mense wat nooit bang*
*is en nooit lomp*
*word*
*en nooit verleë*
*Ek dank U God*
*ek is nie meer*
*soos daardie sondige engee*

*Toe bid Engee:*
*Wees my arme sondaar genadig*




Vir leesbare
regsinnige
literatuur

Claritas

Posbus 15621
Lynn East
0039

# En nou kan Kain ook lewe

Anton van Niekerk

Gen. 4:4b-5a "Die Here het vir Abel en sy offer aangeneem, maar nie vir Kain en sy offer nie."

Om die Bybel reg te lees en te verstaan, is nie altyd so maklik nie. Die Bybel is wel duidelik, maar ons het 'n manier om hom onduidelik te maak deur die vrae wat **ons** aan hom stel en waarop ons ten alle koste 'n antwoord wil hê. En as ons die antwoord nie vind nie, dan sê ons te maklik die Bybel is onduidelik, in plaas daarvan om te besef dat ons eintlik die verkeerde vrae vra.

Neem nou maar die bekende verhaal van Kain en Abel. Oor dié geskiedenis is baie slim vrae te vra, vrae soos: "Hoekom was Kain bang die mense sal hom doodmaak? Hy was tog Adam en Eva se eerste seun, en daar was nog nie ander mense nie?" Of: "Waar het hy 'n vrou gekry?" Of: "Hoe het hy geweet dat die Here Abel se offer aanvaar het, maar nie syne nie?" 'n Handige dominee sou ook nog wel allerlei handige antwoorde op dié vrae kon bedink. Maar dit bring ins niks verder nie omdat antwoorde op dié soort vrae ons geen werklike insig bied in hierdie geskiedenis nie.

Daar is egter 'n ander vraag wat ons wel moet vra, en waarvan die antwoord vir ons duidelik sal maak waarom dit werklik in hierdie verhaal gaan. Dit is die vraag: Waarom het God Abel se offer, soos die ou vertaling dit stel, genadig aangesien, en nie vir Kain en syne nie?

Soms stel ons wel die vraag, maar is dan tevrede met die verkeerde antwoorde daarop. Ons sê dan: Kain was 'n slegte man en Abel was 'n goeie man. U herinner u seker goed uit u kinderdae die prentjies van 'n onnutsige klein Kain wat sy boetie pla as hy wil speel. As ons vir Kain voorstel as die gemene en onverskillige bullebak; en Abel as die sagte, vredeliewende en innemende mens, dan verstaan ons God se voorkeur vir Abel sommer maklik. God beloon tog die goeie en Hy straf die bose.

Net jammer dat hier in die Bybel daar niks van staan nie. Die geskiedenis van Kain en Abel bied geen verskoning om van die Bybel 'n moraalboek te maak nie. Van Kain wat sleg en Abel wat goed was, staan hier niks. As hulle offer, is hulle heeltemal gelyk. Van Kain weet ons net dat hy Adam se oudste seun en 'n landbouer was en van die vrugte van die land aan God geoffer het. Ons weet dus van hom een ding, en dis dat hy **minstens** 'n godsdienstige man was. Die eerste mens wat buite die Paradys gebore word, was geen onverskillige of goddelose mens soos ons min of meer sou verwag nie. Inteendeel; hy was godsdienstig; hy offer aan God.

Tog word sy offer nie deur God aangesien nie. Verraai dit sommer nou net moedswilligheid en willekeur by God? Tog nie, want die Bybel leer ons nie van 'n God van grille en giere en willekeur nie. Om beter te verstaan waarom Kain se offer God nie aangestaan het nie, sal dit ons help, om nader te let op die **name** van hierdie twee seuns. Eva noem haar oudste seun Kain, wat beteken "om te verkry" en dan sê sy in v.1 "Ek het 'n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here." Daaruit spreek 'n moedertrots wat baie goed verstaan sou word deur Oosterlinge wat dié verhaal die eerste keer sou lees. Vir hulle was 'n seun baie belangriker as 'n dogter. As eersteling sou hy twee derdes van sy vader se boedel erf. Van meet af aan was Kain dus in die oë van sy ouers, en daarom ook in sy eie oë, 'n belangrike man. Party Skrifverklaarders hoor selfs iets Messiaans in hierdie naam van Kain: Eva sou reeds in haar oudste seun die beloofde Verlosser sien wat die kop van die slang sal verbrysel. Geen twyfel dus dat Kain se eie kop kort voor lank buite perke geswel was nie.

Met Abel was dit heel anders. Omdat hy nie die oudste was nie, was sy plek in die huisgesin veel nederiger. So sê sy naam ook: "Abel", wat letterlik "'n luggie" beteken, en later ook "nietigheid/verganklikheid". Die woord "tevergeefs" waarvoor Prediker so lief is, kom heel waarskynlik van 'n stam wat verband hou met die naam Abel. In hulle name blyk dus die groot verskil in die wyse waarop hierdie twee seuns se ouers hulle **gereken** en **verwagtinge van hulle gekoester het.**

Op 'n dag offer albei toe aan God. Dat Kain dit sou doen, is so half vanselfsprekend. Hy is tog die oudste, plaasvervanger van sy vader en daarom

ook, as dit nodig is, voorganger in die huisgodsdiens. Om te offer is sy plig, maar ook sy **reg**. Hy maak as gevolg van dié reg aanspraak daarop dat God sy offer moet aanneem. By Abel is dit anders. Sy offer berus nie op 'n reg wat hy het nie. Hy was nog altyd nommer twee, in die skadu van ouboet Kain. Tog offer hy. Nie omdat hy met daarop aanspraak kan maak dat God sy offer aanneem nie. Daarin lê die verskil: Kain offer in die besef van sy eie reg en meerderwaardigheid as oudste seun. Abel offer in die geloof dat God uit genade alleen sy offer kan aanvaar. Daarom sê die skrywer van die Hebreërbrief in hoofstuk 11 dat Abel deur die geloof 'n beter offer aan God gebring het as Kain.

En dan gebeur die onverwagte: Die Here sien Abel se offer genadiglik aan, maar nie dié van Kain nie. Dat Kain hieroor verontwaardig sou wees, kan u en ek baie goed verstaan. Ons het mos baie simpatie met 'n man wie se regte misken word. En tog: God draai die rolle net om. Dit verstaan ons nie. Ons verstaan dit veral nie omdat ons die rede wat die teks self daarvoor aangee, nie verstaan nie. Want daar staan dat God dit uit genade doen. En God se genade is iets waarvan mense, veral mense wat op hulle regte staan, baie min verstaan. Telkens in die O.T. vind hierdie vreende omkering van die rolle plaas: Nie Esau nie, maar Jakob is die uitverkorene, nie Ismael nie, maar Isak, nie Ruben nie, maar Josef, nie Isai se groot sterk seuns nie, maar Dawid, die jongste een agter die skape. God meet mense met 'n ander maatstaf as ons: die maatstaf van sy genade. Daarvan verstaan ons baie min, en gebruik dit ook liewer nie self nie.

Maar beteken dit nou dat Kain vir ewig verwerp is? Dit word nie gesê nie. As God Kain se offer nie aanvaar nie, is Hy nog lank nie klaar met Kain nie. Inteendeel. God raak nou eers in erns besig met Kain. En Hy wil hê dat Kain iets moet leer, iets moet leer van die wyse, die enigste wyse waarop God met mense werk na die sondeval. Want Kain, die eersteling na die sondeval, die man wat nog altyd net gehoor en geleef het van regte en aansprake, moet nou leer dat by God 'n mens geen enkele reg of aanspraak het nie. By God, moet Kain leer, kan 'n mens **net maar** van genade leef. En dis 'n harde les, miskien die moeilikste les wat daar te leer is, want dit vra nie van jou om 'n **klomp dinge** prys te gee nie, maar om **jouself** prys te gee - jý, wat net soos Kain kind is van die Paradystragedie, mens wat saam met Adam geval het vir die onvergelyklike versoeking van die slang: om soos God te kan wees. Dít moet jy prysgee, Kain. Ons is nie meer vennote nie. By My kan jy nog lewe, maar dan net van genade. Klim van jou eie troontjie af Kain, erken dat jy dit nie werd is om voorgetrek te word nie. Dan is daar weer lewe en hoop, al is jou vader se naam Adam.

Maar sal Kain hierdie les leer en hierdie prediking verstaan? Helaas nie. As oudste weier hy om soos 'n kwajong behandel te word. In plaas van om te luister, word hy die eerste van 'n tipe mens wat ons sedertdien so goed leer ken het: 'n Fariseër; 'n mens wat reken op sy eie waarde. Dis ons grootste sonde, dat ons nie wil erken dat ons sondaars is nie. Omdat hy homself nie kan verloën nie, kan en wil Kain ook van God se genade niks weet nie.

En dan volg 'n patroon wat soos 'n goue draad deur die geskiedenis loop: Dié Kain wat God en sy genade verwerp, verwerp terselfdertyd sy naaste. Omdat Kain daarop aandring om in eie reg iets voor God te wees, meer te wees as Abel, kan hy dit nie verdra as God vir Abel voortrek nie. Dan begin hy om **God** te haat in die persoon van hierdie van hom wat voorgetrek word. Omdat hy God haat, haat hy Abel, want as hy God liefgehad het, sou hy Abel liefgehad het. **So word Kain die Fariseër nou Kain die moordenaar. Van Fariseër na moordenaar is net 'n baie klein treetjie.** Die Fariseërs wat op die Sabbat vir Jesus berispe omdat Hy die Sabbat gebruik om siekes te genees, gebruik dieselfde Sabbat om te beraadslaag hoe om Hom te vermoor. Geen wonder nie. Want as dit vir my in die lewe net gaan om eie belange, deugde en regte, dan doen ek later **enigiets** om myself te handhaaf. Die geskiedenis van die wêreld sedert Kain is die verhaal van mense wat nie van genade wou leef nie, en geëindig het deur mekaar dood te slaan.

Tog is dit nie die einde van dié geskiedenis nie. Wat ons betref, is dit wel die einde: bloedige konfrontasie, elke man vir homself, "survival of the fittest". Maar wat God aan betref, is dit nog nie die einde nie. Kain het God wel losgelaat, maar God het nog nie vir Kain losgelaat nie. Waar die sonde meer word, word ook die genade meer. God begin om met Kain te worstel. Kain is teen God, maar God is nie teen Kain nie en daarom stel Hy Homself teenoor Kain. Hy gee nie maklik op nie. Voor die moord praat Hy

met Kain, en na die moord weer. En wat gebeur? Wat sal die sterkste wees - God se genade of Kain se sonde? Luister net na Kain: "Is ek my broer se wagter?" Dis nie my skuld nie, Here. Dis...(sou Kain dit miskien gedink het?) dis eerder u skuld! U wil hom mos bo my wat die oudste is voortrek! En dan raak God se geduld op. "Daarom sal jy vervloek wees", sê Hy vir Kain. En so word die geskiedenis van Adam en Eva herhaal in hulle seun.

En dan, skielik, kom daar 'n wending. Kain hou op om Fariseër te wees. Skielik sien ons hom soos hy werklik is, 'n blootgestelde, weerlose ou mensie met die afgryslike angs van 'n toekoms sonder God. Skielik beteken al sy regte en aansprake vir hom niks. Volgens die ou vertaling kan hy net uitroep "My skuld is te groot om te dra". Of dit 'n egte skuldbelydenis is, weet ons nie presies nie. Mens sou ook kon vertaal, soos in die nuwe vertaling: "My straf is te swaar om te dra". Maar of Kain ook al berou het oor sy skuld of net maar bang is vir sy straf: een ding is duidelik; hy het homself vasgeloop.

Daar is nêrens meer om heen te vlug nie. Voor God moet hy kapituleer. God wen - natuurlik! Want daarop is God ingestel. Daarom worstel Hy met ons, sodat ons in ons selfhandhawing ons teen Hom sal vasloop en só verstrik sal raak in ons eie onmag dat ons geen uitweg meer sien nie. Want dis eers dan, as ons ons eie deugde, eie vermoëns en reserwes, ons eie sekerhede en selfvertroue byster geraak het, dat ons vir God, sy krag, sy rykdomme, sy pad vir ons lewe vind.

Dan sê God vir Kain: "Moenie bang wees nie. As jy só praat, sal Ek jou vashou. Die mense sal jou nie doodslaan nie; Ek gee aan jou 'n teken".

Vreemd, nie waar nie. Watter wonderlike God het ons tog? Toe ons Kain se verontwaardiging aan die begin so goed kon verstaan, toe stel God Hom teenoor Kain. En noudat ons niks meer met hom te doen wil hê nie na die moord, nou dat ons saam met al die ander mense hom graag sou wou doodslaan, nou is God skielik aan sý kant. Selfs al is sy wanhoopskreet miskien nie eers 'n egte skuldbelydenis nie. Twee maal word die rolle omgekeer: Want God het 'n hekel aan die mense wat so vroom en selfversekerd en braaf in hulleself is. Maar die wat hulleself vasgeloop het, dié neem Hy aan, dié leer Hy om te lewe net maar van genade.

Kain, die een wat homself vasgeloop het, word nou deur God vasgehou. Of Kain toe wel in die hemel gekom het, weet ek nie. Dit is ook opvallend dat die O.T. oor dié vraag veel minder bekommerd is as ons. Want dit gaan in die geskiedenis nie om Kain nie, maar om God, onse God, wat die God van Abel is maar wat ook worstel om die God van Kain te word. Ken u daardie God? As Hy vir u nog 'n skim is, iets onwerkliks, dan wil ek u daarop wys dat ons Hom in die N.T. op 'n heel besondere manier leer ken het. Aan die kruis het Hy as die opvolger van Abel gehang, vermoor deur die Farisërs. En langs Hom hang 'n Kain, 'n moordenaar. Net, die Kain wat daar hang, probeer homself nie langer regverdig soos die een aan Jesus se ander kant nie. Hy is 'n vasgeloopte mens. En hy sê: "Dink aan my, Here, as U in u koninkryk kom". En dan antwoord die tweede Abel: "Voorwaar, Ek sê vir jou, vasgeloopte mens, Ek hou jou vas. Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees". Dit sê Jesus Christus. Want Hy is wel die vermoorde, maar sy bloed praat van beter dinge as die bloed van Abel. Sy bloed roep nie om wraak nie, maar om vergewing. Hy is 'n versoening vir ons sondes. Daarom het hierdie ware Abel aan die kruis ook vir alle Kains gebid: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie". Alleen ter wille van Hom is daar 'n uitweg vir 'n vasgeloopte mens. Hy self is die Uitweg. Hy is die genade ter wille waarvan God eers vir Abel teen Kain instaan, en daarna vir Kain teen die mense. Want Jesus Christus het in die wêreld gekom nie om regverdiges nie, maar om sondaars, Kains, moordenaars, te bevry en vir ewig te laat lewe.

---

<u>In die volgende uitgawe</u>: Hoe om 'n basaar te hou wat vier maal meer verdien as die vorige een - en lekkerder is.

# O, dáár wil ek heen...

Nico Steenberg

Ek was ses jaar oud toe my oom Ruben uit die Oorlog uit terugkom. Hy was in die Noorde, gevang by Tobruk en krygsgevangene in Italië. My ouma het net 'n amiebrief gekry wat sê hy word vermis. Na die vrede het hy met die skip tot in die Baai gekom, en vandaar met die trein tot op Kookhuis waar my oom Hendrik hom met sy 1938 Plymouth gaan haal het.
My ouma het 'n vet kalkoen geslag en ons het 'n verskriklike groot ete gehou. Dit was 'n fees omtrent soos dié van die Verlore Seun. "Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind." (Lk.15:24)
My oom kry toe werk by Hawke's se winkel in die groceries-afdeling saam met ou Jimmy Reid, en met sy oorlogsgeld koop hy vir hom 'n grammofoon en plate.
Dit was een van die grootste luukshede wat ek nog ooit in my lewensdag aanskou het: die pragtige eikehoutkas en en 'n yslike groen beuel. Om plate te speel, was 'n hele ritueel. Uit so 'n plat blikkie haal jy 'n nuwe naaldjie en skroef dit in die speelkop vas. Dan haal jy versigtig 'n plaat uit sy bruinpapieromslag. In die middel van die plaat is 'n mooi prentjie van 'n grammofoon, en 'n foksterrierhond sit so met 'n skewe kop voor die beuel en luister na His Master's Voice. Dan wen jy die grammofoon op met 'n slinger en as die plaat begin draai, spoel die blikkerige heerlikheid van musiek oor jou!!
Ek het elke middag gaan luister as my oom Ruben plate speel, en dit was vir 'n klein seuntjie in die veertigerjare 'n kultuurdaad van die hoogste orde. Daar was veral twee plate wat vir my van die mooiste musiek en woorde bevat het wat ek nog ooit gehoor het. Die een was Die Sterwende Kind se Boodskap. Die ou seuntjie lê op sy sterfbed. Hy deel al sy besittinkies uit en dan sing hy vir sy bedroefde ouers so 'n laaste aria: "Maaaaar my skóéntjies moet u bêre..." (Bêre, herhaal 'n koor dan droefgeestig in die agtergrond.) "Uuuuu sal my in die hemel kry..." (In die hemel kry, sing die koor weer.) Nou, dit was baie aandoenlik. Dit het elke keer 'n knop in my keel gebring, want ek was ook 'n klein seuntjie, en ek het gewonder wat moet my ma-hulle bêre wat hulle aan my sal herinner, want ek het nie skoentjies gehad nie. Miskien moet hulle maar my kettie bêre, of my kruisbande.
Maar vir my die heel mooiste plaat was "O Daar wil ek heen." So 'n rýk, diép basbaritonstem sing - en ek destyds al gemeen dat dit enige vrou tot in haar diepste vesels, tot in haar murg sou thrill:

*O, daaaaar wil ek heen*
*Hoo daar wil ek jinnn*
*En daaaaaar wil ek jinnnnn,*
*med jou...*

Ek het gevra dat my oom die plaat oor en oor moet speel, tot hy naderhand gesê het: "Nee wag, die plaat is nou warm." Maar dit was die allermooiste musiek wat 'n mens weggevoer het na daardie far away places I've been dreaming about...
Miskien na 'n eiland in die Suidsee waar lang palmbome teen die wind hang. Of 'n boereplaas in die Winterberge.

O die oggendstond op 'n boereplaas!
Daar trek al die eerste rook. (Totius)

Dit het by my 'n lewenslange heimwee na die volmaaktheid geskep. Ek het nooit geweet waar die sanger wou heen nie, maar ek was oortuig dat 'n plek sou wees van hemelse vrede en geluk.
'n Paar keer in my lewe het ek ook al gevoel om "heen te gaan", om alles net so te lós en te voertsek, na 'n plek waar ek niemand sien of hoor nie. Want daar het al dae gekom dat ek die kultuurfilosoof Bowzer van Sha-Na-Na, (Bowzerius) moes gelyk gee: "Boy, Life ain't easy." En dan het ek gevoel om saam met die basbariton te wil heengaan. O daar wil ek heen, O daar wil ek heen...
Miskien na 'n grot in die Kamdebo of Amatolaberge, net met my Queen Annestofie en ou Poertjie, my foksterrierhond. Dan kan ek so teen skemer saans voor my grot op 'n ysterklip tussen die noorsdorings sit en op my kitaar speel, geklee in 'n salpeterdeurweekte pers frokkie met 'n borriegeel Born Free op die bors. Dan sing ek so deur my skurwe rooi baard en buffelhoringsnor wat my aangesig versier soos die drop-handles van 'n Harley Davidson mouterbaik, sing ek: Ou Ryperd...Jippie-jippie jip ou

perd, en: Sag op fonteintjie blink die maan se silwer skyn, en: Old Man River, en: Just call me lonesome from now on, en ten slotte: Die Stem, verse een en vier, staande.
Terwyl daar 'n vet likkewaanstert lê en sis op die kole; en in die kafferpot (nee, nie 'n driebeen of ysterpot nie, 'n káfferpot) prut (simmer) die potjiekos: uintjies, skilpadeiers, doringboomgom en likkewaanvet wat in sulke ogies op die lang sous dryf...rýk en lêkkerr. Ja-nee, as 'n man in 'n grot wil woon, moet hy mos van die veld af eet ook, nie waar nie? En eenkant op die Queenie staan 'n nywiebloe spoorwegbieliekan en sy pens sing vol sterk swart witgatwortelkoffie. Boy, that's life!
Miskien darem nou nie heeltemal so primitief nie, maar terug na die wortels van 'n mens se bestaan waar jy weg is van oor versadigde weelde en altydse intelligentwees, waar jy in nederigheid en eenvoud leef uit die krag van die aarde en die heimwee van die wind.
Op die nuwe aarde wil ek die vergunning vra of ek nie maar so half eenkant in 'n kliphuisie met 'n grasdak kan woon nie (want daar gaan mos baie woninge wees) op 'n plasie êrens langs die Koenap of Cwarsrivier.
Miskien... miskien saam met die vrou wat ek liefhet. Maar ek weet ook nie, ek wil nie daar nog moeilikheid ook hê nie. So dalk vra ek liewer niks, en wag maar om te kyk wat ek kry.
Want ek wil ni op my kliphuisie se stoep my agtermiddagkoffietjie sit en slurp en so verweg kyk oor die groen doringbome, en dan wens dat ek liewer nie gewens het nie...

# God se liefdesvlam brand end-uit

Manie Malan

2 Sam. 13

Die liefde is deel van ons lewe. Ons kan nog soveel keer probeer om dit weg te druk, en daaroor te swyg in ordentlike geselskap - dis deel van ons lewe, selfs 'n fondamentsteen, 'n basis. Ons is almal daaruit gebore.
Daar bestaan 'n opvatting dat die tye ook oor die liefde verander het; dat mense openhartiger is, en kinders ook, en nie meer so bang nie. Maar al sou dit waar wees, dit het niks verander aan die liefde self nie. Die liefde kan nie verdwyn nie. En die pyn van die liefde ook nie.
Jy sien dit as die jongmense voor jou staan. Veral die jongmense met die oop gesigte, die gesigte wat nog nie weet dat die oë wys nie. Die mens wat soek na 'n maat; die mens wat kommunikasie is, gemeenskap; die mens met 'n gesig, 'n aangesig; wat kyk, en soek, en boodskappe dra, en spieël is van wat in die hart leef. En wonder hoe hy lyk. Hoe hy is. Haar hare, lippe, tande, vel... Wat klere maak en dra en skik om iets te wys of te verberg en te versag. Klere wat die skande van ons naaktheid moet verberg. Méér of minder, dapper of lafhartig, maar áltyd daar.

**Skande**

Waar kom tog die skande van ons naaktheid vandaan? Hoe is dit tog moontlik, hoe brutaal die mens ook word, dat hy klere bly dra, en skaam bly voel, en kwesbaar en wondbaar? En dit in iets wat so natuurlik deel van sy bestaan is? Waar kom die skande vandaan, waarteen ons so dapper en soms so traak-my-nie-agtig veg? En hoe is dit moontlik dat 'n leed kan bestaan van mense wat pervers homoseksueel geneigd is?
Ek weet nie. Ek kan dit nie presies verduidelik nie. En my indruk is dat selfs die beste wetenskap maar rondtas en blaai in honderdduisende boeke waarmee die mark oorstroom word. Die feit dat die mark daarmee oorstroom word, bewys dat die probleem van seksualiteit met permissiwiteit nie oorbrug is nie, maar dalk vererger is. En die eensaamheid.
Ek kan geen wetenskaplike antwoord hieroor gee nie. Ek kan maar net weer in die Bybel gaan blaai en my verwonder oor dié boek wat so aards en menslik hieroor praat. Soos in 2 Sam. 13. Die verhaal van 'n man wat verteer is deur sy liefde vir 'n meisie, en hoe hy haar gekry het, en toe verag het, en hoe dit sy dood gekos het. Die Bybel gee nie 'n oplossing nie; nie 'n sosiologiese of sielkundige oplossing of analise nie.
Soos oor so baie dinge vertel die Bybel maar net 'n verhaaltjie. Want die wetenskap raak verouderd, die drama van die geskiedenis nóóit.

**Amnon en Tamar**

"Amnon, wat is verkeerd met jou?

"Amnon, wil jy nie maar met my praat nie?
"Amnon, ek is jou neef, jou vriend...
"Amnon, as 'n mens praat word dit makliker.
"Jou gesig, Amnon, jou gesig - jy moet 'n keer in die spieël gaan kyk; die vreemde kyk in jou oë.
"Amnon, wat is dit wat jou vreet? Wat is dit wat so swaar lê op jou hart?
"Jónadab ben Samma, seun van my oom - ek kan nie daaroor praat nie. Ek kan nié daaroor prááť nie, want dit mag nie. Want dis my suster, Jónadab, my suster, Tamar, Tamar, Tamar...
"Jy moet vir niemand sê nie. Tog nie vir my pa nie...
"Jónadab! Jónadab! - ek kan nie sonder haar leef nie! Ek verlang na haar, ek fluister haar naam. Ek hoor die voëltjies dit sing.
In alles word daar iets van haar weerspieël
soms sien ek haar in iemand se stil gesig
voel hoe sy aan my arm raak my vang as ek wil val en hoor haar praat as almal
om my slaap, intiem en sag
soos mens met liefde maak
help my - want ek verlang...
ek sterf van verlange.*
"As ek haar net kan sien, net ongehinderd met haar kan praat... en praat... en praat...
"Jónadab, ek wil haar nie leed aandoen nie. Dit is onmoontlik om haar aan te raak."

**Deernis**

Toe het sy vriend, waarskynlik deur deernis oorweldig, hom die raad gegee om siek te speel (hoe modern), en Dawid is, soos Jónadab, oorgehaal deur die emosie van sy seun, en Tamar het gaan koekies bak, ongehoord, daar in die slaapkwartiere van prins Amnon; twee hartvormige broodjies, sê die Nuwe Vertaling.
Ek dink sy oë het aanhoudend op haar rug gebrand, en sy asem het vergeet of dit uit of in wou gaan.
En toe het hy, wat dit kon doen, omdat hy 'n prins was, almal weggestuur uit die vertrek, en haar gegryp, en haar oorweldig. Sy het gepleit; sy het gepraat van dwaasheid. Sy het probeer om sy hande vas te hou, maar toe het hy haar oorweldig, want sy het nie om hulp geskree nie; al het sy waarskynlik sag gehuil.
Dit is die dieptepunt van hierdie verhaal. Die oomblik waarin die hemel asem ophou, en die hel sy hoonlag lag. As 'n vrou se weerstand breek, en sy oopgaan vir 'n man, sodat die geskiedenis kan leef, sodat die lewe sterker kan wees as die dood.

**Gaan weg!**

En toe het daar die verskriklikste ding gebeur, wat altyd weer gebeur in ál die eeue as mense buite die orde en die geborgenheid van God se huisreëls probeer leef. Die gewyde Bybelskrywer sê; "Toe het Amnon 'n baie groot afkeer van haar gekry; ja, die afkeer was groter as die liefde waarmee hy haar liefgehad het. Die Living Bible sê: Then suddenly his love turned to hate, and now he hated her more than he had loved her. "Get out of here", he snarled at her.
"No! No!" she cried. "To reject me now is a greater crime than the other you did to me."
But he wouldn't listen to her. He shouted for his valet and demanded:"Throw this woman out and lock the door behind her."
En ek dink toe het hy homself verag, en gewens dat hy kon sterf.
En Tamar het as verlatene in die huis van haar broer Absalom gebly.

**Reseppie**

Dit is maar 'n verhaaltjie. Dit is maar die storie van wat eenkeer in Jerusalem gebeur het, 3000 jaar gelede.

En tog is dit ook die verhaal van wat elke dag gebeur in New York, en Amsterdam, en Pretoria, en soms ook in Kameeldrif. Die verhaal van hoe ongelukkige huwelike gebore word, en vrygeselle, en buite-egtelike kinders. Die verhaal van sonde en skande en dood. Die herhaling van die verhaal van die man en sy vrou wat agtergekom het dat hulle nakend is, toe hulle owerspel met die duiwel gespeel het, en wat nóóit weer die skande van hulle naaktheid bedek kon kry nie, al het hulle ál die eeue deur met vyeblare probeer.
Wat moet ons dan doen? Hoe sal ons ons kinders vrywaar van hierdie swaar? Ek ken nie 'n reseppie nie. Ongelukkig nie.
Ek het ook maar net my eie gedagtes, en herinneringe, wat maak dat ek die leed en verlange kan lees op die gesigte van die jongmense, van júlle en van my kinders. Maar ek ken nie die presiese paadjie vir elkeen nie.
Maar wat ek wel weet, is dat die genesing en die troos begin by die evangelie; die liefdesverhaal van God.

**Evangelie**

Het die evangelie dan iets met ons intieme lewe te maak? Behalwe miskien om 'n spelbreker te wees uit die mond van kille ampsdraers in swart pakke? Ja. Die evangelie het daar álles mee te doen. Die evangelie is die liefdeswoorde van God. Dit is die verhaal van hoe God sy liefde op die mense uitgestort het. Dit is die verhaal wat op 'n manier begin as God, die Heilige Gees, 'n maagd oorskadu, 'n maagd uit die geslag van Dawid. Die verhaal van God se omgang met die mense wat Hy so liefgehad het dat Hy, eerder as om hulle verlore te laat gaan, die Seun van sy hart vir hulle gegee het, want God is liefde.
Dis die wonderlikste verhaal. Hy het na hulle toe gekom, en met hulle gepraat, meesal sag, soos mens met liefde maak. Kom na My toe. Ek is die brood van die lewe. Ek is die Weg en die Waarheid. Hy het hulle kinders in sy arms geneem, en uit die dood teruggegee. Hy het hulle jammer gekry, en liefgehad, omdat hulle was soos skape sonder 'n herder. Hy het sy hart vir hulle oopgemaak. God se hart. Omdat hulle eensaam was, en verlore, en siek van verlange na geluk. Hy het gesê salig is dié wat nou treur.

Maar toe het hulle Hom doodgemaak.
Toe Hy die diepste hartstog van God se liefde openbaar, het hulle Hom doodgemaak. Toe Hy die voete was, en die trane en kosbare salf van owerspelige mense op sy hoof en voete toelaat, toe het hulle Hom verwerp.
Hulle het geskreeu: "Weg met Hom! Kruisig Hom! Na die hel met Hom!"
Hoor jy Amnon se woorde? "Get out of here! Throw this woman, this Man out, and lock the door..."

**Haatlikheid**

Ja, dit ís dieselfde verhaal. Die skrywer van 2 Sam. 13 het dit nie presies net so bedoel nie, maar wat hy beskryf het, is presies dieselfde ding. Dit is die haatlikheid in die hart van elke mens; wat ons belydenis laat sê dat die mens geneigd is om God en sy naaste te haat.
Weg met Hom! Kruisig Hom!
En die haat van die mense was erger as die bewondering ooit waarmee hulle vroeër agter Hom aangeloop het.
Maar selfs dít kon die vlam van God se liefdeshart nie blus nie. Sy liefde het bly brand totdat Hy die sonde op Golgota uitgebrand het.
Dít is die evangelie wat jou weerbaar kan maak. Dit kan jou trou maak, soos God. En dit kan jou gesond maak as jy ontrou was.
Kyk, volgens alle maatstawe van mens en wêreld moes God na Golgota uit die hemel geskreeu het: Weg met hulle! Finaal nou, wég met hulle! Na die hel met hulle! Herstel Sodom en Gomorra. In alle billikheid: by Sodom wou die seksperverte gemeenskap hou met Lot se metgeselle. Hulle wou hulle nie doodmaak nie. Weg met Jerusalem! Weg met die tempel en met die godsdienstiges wat op die moord in hulle harte agter maskers broei.
Maar God het dit nié gedoen nie. Dít is die evangelie. God het hierdie harde skoppende mense in sy arms vasgehou. En Hy het sy Seun, hulle Verlosser wéér laat leef. Hy bid nóú, in hierdie oomblikke vir jóú.
Ek is seker: as jy dít glo, en vashou, en in die verwondering daarvan gaan slaap en opstaan en werk en selfs oorlog toe gaan, dat dit jou sal dra tot die einde kom.

* Na Fanie Olivier

---

U kán Swart op Wit fotokopieer, maar dan lewer u géén bydrae om sy voortbestaan te verseker nie.

TOE HET GóD het pas verskyn en kan bestel word by:
Claritas
Posbus 15621
Lynn East
0039
teen R7,95 plus AVB (95c) = R8,90

Toe het Gód is 'n waardevolle hulpboek vir katkisante, studente en skoliere wat graag wil verstaan wat hulle lees en leer. Ook vir die volwasse lidmaat, opnuut op soek na helderheid oor sy geloofswaarhede, is dit 'n insiggewende en verrykende leeservaring.


Met groot vaardigheid en sonder om té diepsinnig te raak, bespreek die skrywer die Bybel, die geskiedenis van God se koninkryk en 'n handvol aktuele vrae in die lig daarvan. *Toe het Gód* vertel 'n baie ou verhaal, maar op 'n unieke, moderne manier.

TOE HET GÓD Manie Malan

# TOE HET GÓD

## MANIE MALAN

IN GESPREK MET ALMAL WAT LEERLINGE IS (EN WIL WEES) VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS



# Cuculus Solitarius en Paasfees

Ek is nie 'n voëlkenner nie. Trouens, ek glo nie ek ken één ander voël se Latynse naam nie. Net Piet-my-vrou s'n. **Cuculus Solitarius.**

Maar dié Piet-my-vrou ken ek persoonlik. Veral as hy in die nag so bly roep en roep. Skerp, dringend, aanhoudend.

Ek het nog nooit 'n Piet-my-vrou antwoord hoor kry nie. Hy moet al miljoene jare so roep. Daarom, dink ek, het 'n voëlkenner hom die naam gegee: **Cuculus** - van die familie Koekoek; **Solitarius** - die eensame. Wat 'n geduld moet God tog hê om Piet-my-vroue te bly maak met geloof wat so bly roep.

Daar roep hy nou! Erens rivier se kant toe.

* * *

Die Latynse woord **solitarius** is familie van die woord **solus** wat beteken **slegs, alléén.** Daarom laat die Piet-my-vrou my gedagtes altyd omspring tussen hartseer en troos. Hartseer oor die eensaamheid; troos oor Die Eensame wat ons eensaamheid weggeneem het.

Niemand op aarde was ooit so alleen soos Jesus van Nasaret daardie Paasnaweek in Jerusalem nie. Die voorstelling van vromes dat Hy omring was deur die dienende hande van sy moeder en vriende, is romantiese geweld aan die waarheid. Hy was volstrek alleen.

Eers is Hy deur die leiers verwerp. Toe deur die skare. Toe verraai deur een van sy naaste volgelinge. Daarna in die steek gelaat deur die res, en ten slotte verloën deur Petrus, die leier van die dissipels.

Toe sy aanklaers, met moord in hulle harte, getuies teen Hom roep, was daar niémand wat **vir** Hom getuig het nie. Nie eens Jaïrus nie, nie die weduwee van Naïn nie. Hy het tog hulle kinders uit die dood teruggegee. Nie Lasarus nie. Niemand nie. Waar was al die lammes, kreupeles, blindes, melaatses wat Hy genees het? Daar was niemand nie.

Ook nie toe Hy voor Pilatus verskyn nie. Dáár sou mens nou kon verwag dat iemand na vore sou kom om te sê dat hý die goeie man ken en 'n getuigskrif vir Hom sal uitreik. Al wat daar was, was die nagmerrieversoek van Pilatus se vrou - wat die afwesigheid van sy vriende net méér beklemtoon.

En toe Hy Golgota toe loop, was daar niemand wat aangebied het om sy kruis te dra nie. Nie één vrome nie. Hy moes dit self doen. En toe Hy struikel, steeds niemand wat 'n helpende hand uitsteek nie. Hulle moes 'n buitestaander, Simon van Sirene, dwing om dit te doen. Waarskynlik was dié Simon swart, wat Suid-Afrikaners beter as die meeste sal verstaan: "Toe, komaan, dra die Baas se kruis."

Net so die twee kamerade weerskante van Hom op die Skedelkoppie. Hulle wou nie daar wees nie. Dis die laaste plek in die wêreld waar hulle sou wou gewees het. Daar is niémand wat daar vrywillig saam met Hom ly nie. Hy is Die Eensame. Die Eensaamste. **Christus Solitarius.**

So eensaam dat Hy dit nie kon hou nie. Selfs Hý nie.

Daarom bars dit oor sy lippe: "Eloï, Eloï, lema sabagtani?" My God, my God, waarom het U My verlaat? Hy noem Hom selfs nie meer "my Vader" nie. God is te ver. Dis byna die Prediker wat "tevergeefs, tevergeefs" roep omdat God so ver is. Die Kind van die Wind. Die Blom van die Veld wat verwelk as die asem van die Here daaroor gaan.

En dan sterf Hy. Steeds alleen. Géén antwoord uit die hemel nie. Net diep duisternis, en mense wat rondom bly smaal, en vloek en dobbel.

En sy vriende wat Hom begrawe. Inderhaas, want die Sabbat wat een van die hoofgetuies teen Hom was, is besig om aan te breek. Hy het gesê Hy sal na drie dae die tempel weer herbou hê, maar hulle begrawe Hom. Hulle het minder geloof as Sneeuwitjie se Sewe Dwergies.

Bly maar roep, Cuculus Solitarius. Roep maar nog die eeue deur. Daar is geen antwoord nie. Ons is reisigers na nêrens. Alles is gewis 'n grap. Ons speel in die tragedie mee. Die ergste is dat ons dit weet.

Maar toe hét Hy teruggekom uit die dood.

Dit was 'n wonderliker gebeurtenis as die skepping. God het die Lig met 'n magswoord teruggeroep ter wille van die mense, mirabile dictu, wat Hom vermoor het.

En toe het God mense gestuur om, solank die eeue hou, bekend te maak dat Jesus leef. En dat Jesus betaal het. Alléén, en álles. Hulle het in ons belydenis ingeskrywe **solus Christus.** Christus alleen. Sodat óns nooit meer alleen moet voel en moet wees nie.

Ja, jy is nie alleen nie. Hy is met sy Gees, en met hierdie woorde by jou.

Ek wens daar was iemand wat 'n voëlkenner was, wat voëltaal verstaan het, wat die Piet-my-vrou ook kon gaan vertel.

Of kan ons dalk sy naam verander?

Hoor daar! Hy roep: Dis vol-bring! Dis vol-bring!